Geestelike sake.

1 Korintiërs 2:1-16

Eers `n konteks

Mat 7:6

“Moenie wat heilig is vir die honde gee nie, en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie, sodat hulle dit nie met hulle pote vertrap, en die honde nie omspring en julle verskeur nie.”

Luk 10:10

Maar as julle in 'n dorp kom waar hulle julle nie verwelkom nie, gaan dan uit in die strate en sê, 11‘Selfs die stof van julle dorp wat aan ons voete kleef, vee ons af as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: Die koninkryk van God is op hande!’

Mat 15:8

Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. 9Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie.”

Tit. 3:9

Maar jy moet jou nie inlaat met dwase strydvrae en geslagsregisters en met getwis en stryery oor die wet van Moses nie, want dit is nutteloos en sinloos. 10Met iemand wat na twee vermanings nog skeuring veroorsaak, moet jy niks te doen hê nie, 11omdat jy weet dat so ’n man op die verkeerde pad is. Deur sy sonde bring hy die oordeel oor homself.

2 Tim. 2:14

Hou aan om die gelowiges aan hierdie dinge te herinner en vermaan hulle ernstig voor God om op te hou stry oor woorde. Dit het geen nut nie en is net skadelik vir die hoorders.

Gal 5:1

Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ’n slawejuk laat indwing nie.

Gal 5:14

Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” 15Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.

Lukas en Handelinge

Luk 10:38–42.

38Op hulle reis het Jesus in ’n dorp gekom waar ’n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het. 39Sy het ’n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy woorde geluister het. 40Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: “Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!”

41Maar die Here antwoord haar: “Marta, Marta,
jy is besorg en bekommerd oor baie dinge,
42maar net een ding is nodig. Maria het die beste
deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem
word nie.”

1 Korintiërs 2

1 Wat my betref, broers, toe ek na julle toe
gekom het, het ek nie gekom om met verhewe
woorde of wysheid God se geheimenis aan julle
te verkondig nie. 2 Ek het besluit om by julle van
niks anders te weet nie as van Jesus Christus, en
Hom as gekruisigde. 3 Daarby het ek in swakheid
na julle toe gekom, vol vrees en bewing.

4 My lering en my verkondiging het nie berus op
oorredende woorde van wysheid nie, maar op
bewyse van die Gees en van krag, 5sodat julle
geloof nie op die wysheid van mense berus nie,
maar op die krag van God. 6Vir diegene wat
volwasse is in geloof, is wat ons sê, wel wysheid –
nie die wysheid van hierdie wêreld, of van hierdie
wêreld se heersers nie. Hulle gaan in elk geval tot
niet.

7Ons praat egter van God se wysheid wat in 'n misterie gehul was, maar wat Hy voor alle tye vir ons heerlikheid bestem het, 8 en wat nie een van die heersers van hierdie wêreld geken het nie; want as hulle het, sou hulle nie die Here van heerlikheid gekruisig het nie. 9Maar soos daar geskryf staan:

“Wat die oog nie gesien het,
die oor nie gehoor het,
en in die hart van 'n mens
nie opgekom het nie –
dit het God voorberei vir diegene
wat Hom liefhet.”

10Maar aan ons het God dit deur die Gees geopenbaar; want die Gees ondersoek alles, ook die dieptes van God. 11Want watter mens ken die dieptes van 'n mens, behalwe sy eie gees in hom? Net so ken niemand die dieptes van God nie, behalwe die Gees van God. 12Ons het tog nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat van God kom, sodat ons kan weet wat God genadiglik aan ons geskenk het.

13 Ons praat ook oor hierdie dinge, nie met
woorde wat menslike wysheid ons leer nie, maar
met woorde wat die Gees ons leer, terwyl ons
geestelike dinge met geestelike dinge beoordeel.
14 Maar 'n niegeestelike mens aanvaar nie wat
van die Gees van God kom nie; vir hom is dit
immers dwaasheid, en hy kan dit nie begryp nie,
omdat dit slegs geestelik beoordeel kan word.

15Die geestelike mens beoordeel egter alle dinge, hoewel hyself deur niemand beoordeel kan word nie.

16“Want wie het die gedagte van die Here geken, om vir Hom te kan voorskryf?”

Wat ons betref, ons het die denkwyse van Christus.

Swakheid

2 Kor 12:9.

9Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.

Krag

2 Ti 1:7.

7Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

Wysheid

1 Kor 1:22–25.

22Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, 23maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit ’n aanstoot en vir die ander is dit onsin, 24maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.

25Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.

Slotsom

Hand 5:29.

29Petrus en die ander apostels het geantwoord: ’n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!

Gal. 5:6

In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.